

Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 03 van 2021

17 Januarie 2021

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Wees 'n goeie tyd-uitkoper in 2021

'n Lywige 8,760 ure het toe deur 2020 se groot uurglas geloop. Dit was 'n jaar propvol onsekerhede en vreemde uitdagings. Hoe ons ook al oor die afgelope jaar voel, in 2021 moet ons met ses ratte vorentoe leef. Ons kan nie in neutraal rondstaan nie. Ons moenie in trurat probeer leef nie (nie dat die meeste mense 2020 sou wou oorbê nie). Verlede jaar sal definitief nie in die toekoms kwalifiseer vir "die goeie ou dae" nie. Hoe leef ons effektief en reg in 2021? Jeremia 31:21 roep ons op om die regte padmerkers vir onself op te rig. Hy praat van goeie padwysers, wat ons na die Here se nabyheid toe sal verskuif. Dit begin by Sy Woord wat hier in 2021 die lig vir ons lewenspad moet wees. Ons het die wete dat Christus Self by ons is as ons Heer, wanneer ons 2021 se 8,760 ure een vir een moet deurwerk en reg moet opleef.

Christus is ons hoop en lewe hier in 2021. Nie een van ons weet hoeveel van 2021 se ure vir onself beskore sal wees om op te leef nie. Nogtans gryp ons elkeen van hulle aan. Elke uur, wat ons in 2021 gegun word, moet een wees waar ons agter die Here aanleef. Dit moet een wees waarin ons Hom en ander mense dien. Daarom leef ons deur elke uur, wat ons gegun word, met ses ratte geestelik vorentoe in die Here se Naam. Ons is tyd-uitkopers op die regte manier, soos wat die Here van ons vra. Ons lewe word verlig deur sy Woord, en ons weet Christus is by ons. Elke uur in Sy nabyheid is een vol genade en vrede, ook hier in 2021.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets – vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Lea Rynders-vir nabyheid van die HER
- *Bid vir Gerda Nel, sy is ernstig siek. Bid asb vir volle genesing
- *Bid vir Jaco Prinsloo-hy het 'n skoueroperasie gehad
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel na operasie
- *Bid vir Daleen en Anton Prinsloo en familie vir nabyheid van die HERE met die afsterwe van Daleen se broer

Genesis 24:

Vertrou die HERE en loop die pad met HOM

God laat mense aanhou hoop. Ek bid dat Hy vir julle bly sal maak en dat Hy vir julle vrede sal gee, vir julle wat glo. Dan sal die Heilige Gees vir julle krag gee, en julle sal baie seker wees dat die dinge wat julle hoop, sal gebeur.
Romeine 15:13

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Wees nie bevrees nie,
want Ek is met jou; kyk
nie angstig rond nie,
want Ek is jou God. Ek
versterk jou, ook help
Ek jou, ook ondersteun
Ek jou met my
reddende regterhand.
JESAJA 41:10

Gedagte vir 2021

Vertrou volkome op
die Here en moenie
op jou eie insigte
staatmaak nie.
Ken Hom in alles
wat jy doen en Hy
sal jou die regte
pad laat loop.
SPREUKE 3:5-6